
# 308 My Heiland het sy bloed gestort




Het nie sy bloed op Golgota die moordenaar gered?
So word ook ek deur God gedra, gewas van sondesmet.

U eie bloed, geslagte Lam, sal eens alkom bevry,
uit elke nasie, taal en stam van Satans heerskappy.

Vandat ek deur geloof geniet die heil deur U verwerf,
is Jesus liefde steeds my lied, ook dan wanneer ek sterf.

Dan sing ek bly, met voller toon, die glorie van u kruis,
as eens ons loflied voor die troon in ewigheid sal ruis.

Ek weet dit, Heer, eendag sal ek U in die hemel sien;
U bied my dan ’n ereplek, waar ek U ewig dien.

En juigend met verlostes daar wat danksê aan u voet,
prys ons die redding, wonderbaar, verwerf deur Jesus bloed.

William Cooper (1731-1800) Islington Psalmodie (1764)